DIE HOORN

6 JUNIE 2025

# KLEIN OORWINNING, NOG ‘N TREE VIR PARC

Hierdie oorwinning is maar net een tree in ons eie **‘Long walk to freedom away from race classification,** wat al in 2010 begin het,” sê Glen Snyman van PARC (People Against Race Classification). Dit volg nadat die Wes-Kaapse Bloeddiens hierdie week ingestem het om die gebruik van rasblokkies op hulle vorms aan te pas. Snyman beywer hom reeds sedert 2010 deur sy organisasie om alle verwysings na ras op regeringsdokumentasie sowel as dokumentasie van privaatinstansies te verwyder.

Volgens Snyman is dit ongrondwetlik om van Suid-Afrikaners te verwag om een van vier rasseblokkies, swart, wit, bruin en Indiër op vorms af te tik. Hy skenk reeds vir 15 jaar bloed en sê hy kan geen rede insien waarom bloedskenkers op vorms moet aandui van watter ‘ras’ hulle is nie. Hy het in Januarie vanjaar die kwessie met die Hoof uitvoerende beampte van die Wes-Kaapse bloedoortappingsdiens opgeneem en het Maandag **2 Junie** die antwoord ontvang.

In die skrywe sê Greg Bellairs, mediese direkteur van die bloeddiens **dat hulle met die opstel van nuwe vorms ’n blokkie ‘Other’ sal byvoeg en dat hulle ook oorweeg om skenkers die opsie te gee om geen ras of kleur aan te dui nie.**

Vir PARC is hierdie ’n klein oorwinning, sê Snyman, maar dit is reeds die derde oorwinning wat behaal is. Hy het, om die ‘absurditeit’ van die stelsel uit te wys in 2017 op ’n aansoekvorm waar hy vir ’n skoolhoofpos aansoek gedoen het, die blokkie BLACK afgetik.

Drie jaar later het die WKOD hom dissiplinêr van bedrog aangekla aangesien hy volgens hulle ‘bruin’ is en nie ‘swart’ nie. Die WKOD het die saak teruggetrek toe dit op die dag van sy dissiplinêre verhoor die nasionale media gehaal het**. Die uiteinde hiervan was dat alle Z83- aansoekvorms vir staatsposte op 1 Januarie 2021 verander is met die byvoeging van ’n vyfde blokkie, OTHER.**

In ’n vraag aan Snyman of hy dink dat PARC die **afgelope 15 jaar** iets bereik het, was sy antwoord dat daar verskeie klein ‘victories’ is en dat PARC nie gaan ophou voordat alle rasblokkies op alle vorms verwyder word nie.

“Ons is Suid-Afrikaners en daar is geen rede waarom ons op enige manier steeds van mekaar onderskei moet word nie.

Wie is die persoon of instansie wat besluit ek is bruin?” “Wie besluit of ’n kind van ’n ‘wit’ pa en ’n ‘bruin’ ma, wit of bruin is – dit maak net nie sin nie,” het Snyman gesê.

*Verslaggewer: HANNES VISSER*



www.wcbs.org.za | info@wcbs.org.za

Hoofkantoor
3 Oude Molen Straat, Ndabeni 7405 • Posbus 79, Howard Place 7450
t: 021 507 6300 / f: 021 531 0322

Western Cape Blood Service
Do something remarkable

# VERTROULIKE SKENKERVRAELYS

| SKENKERETIKET | DATUMSTEMPEL | REEKSNOMMER |
|---|---|---|
| | | |

## Afdeling 1 | Persoonlike Besonderhede

As jy vandag vir die eerste keer bloed skenk: Voltooi al die afdelings van die vraelys.
As jy gereeld bloed skenk: Voltooi hierdie afdeling slegs as jou persoonlike besonderhede verander het.

Omkring asseblief die relevante antwoorde waar van toepassing, bv. JA NEE

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VAN: | | | | | | VOORNAAM: | | |
| TITEL: | Prof | Dr | Mnr | Mev | Me | Manlik | Vroulik | |
| GEBOORTEDATUM: D D M M J J J J | | | | OUDERDOM: | | RSA ID-NOMMER: | | |
| HUIS-/POSADRES: | | | | | | BUITELANDSE PASPOORTNOMMER: | | |
| | | | | | | TELEFOONNOMMER (HUIS): | | |
| | | | | | | TELEFOONNOMMER (WERK): | | |
| | | | POSKODE: | | | SELFOONNOMMER: | | |
| EPOS ADRES: | | | | | | | | |
| TAAL: | Engels | Afrikaans | ETNIESE GROEP: | Asiaties | Swart | Bruin | Wit | |
| PLEK WAAR JY SOU VERKIES OM TE SKENK: | | | | | | | | |
| Ek gee hiermee toestemming om kennisgewings en herinneringe van WKB te ontvang. | | | | | | Ja | Nee | |
| Indien ja, omkring een (of meer) van die volgende. | | | | | | SMS | Telefoniese oproep | Epos |

Ek verstaan dat alle oproepe wat ek van WKB ontvang, vir kwaliteitdoeleindes opgeneem sal word.
Ek verstaan dat, alhoewel ek hierin aangedui het watter kommunikasiemetode(s) ek verkies, WKB my na my eerste skenking telefonies sal kontak.
Ek verstaan dat ek my toestemming enige tyd kan onttrek deur WKB te kontak.
Ek verstaan dat ek die WKB-nuusbrief sal ontvang indien ek epos gekies het.

| | | |
|---|---|---|
| Ek verklaar hiermee dat ek as 'n bloedskenker wil registreer. | SKENKER SE HANDTEKENING: | DATUM: |

Jou 1 skenking kan tot 3 lewens red. Dankie dat jy vandag bloed skenk!

Western Cape Blood Service
Do something remarkable

www.wcbs.org.za | info@wcbs.org.za
Head Office
3 Oude Molen Road, Ndabeni 7405 • P.O. Box 79, Howard Place 7450
t: 021 507 6300 / f: 021 531 0322

# CONFIDENTIAL DONOR QUESTIONNAIRE

| DONOR LABEL | DATE STAMP | SERIAL NUMBER |
|---|---|---|
| | | |

## Section 1 | Personal Details

First-time donors: Complete all sections in full.
Repeat donors: Only complete this section if your personal information has changed.

Please circle the relevant answers where applicable, eg YES NO

SURNAME:

FIRST NAME:

| TITLE: | Prof | Dr | Mr | Mrs | Ms |
|---|---|---|---|---|---|

| Male | Female |
|---|---|

DATE OF BIRTH: D D M M Y Y Y Y AGE:

RSA ID NUMBER:

HOME / POSTAL ADDRESS:

POSTAL CODE:

FOREIGN PASSPORT NUMBER:

TELEPHONE NUMBER (HOME):

TELEPHONE NUMBER (WORK):

CELL PHONE NUMBER:

EMAIL ADDRESS:

| LANGUAGE: | English | Afrikaans | ETHNIC GROUP: | Asian | Black | Coloured | White |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

PREFERRED PLACE OF DONATION:

| | | | |
|---|---|---|---|
| I consent to receive notifications and reminders from WCBS. | Yes | | No |
| If yes, please select by which method *(you may select more than one)*. | SMS | Phone call | Email |

I understand that all calls received from WCBS will be recorded for quality purposes.
I understand that although I indicated my preferred method(s) of communication above, WCBS will contact me via telephone after my first donation.
I understand that I can withdraw my consent at any time by contacting WCBS.
I understand that I will receive the WCBS blood donor newsletter if I select email.

| I hereby declare that I would like to enrol as a blood donor. | DONOR SIGNATURE: | DATE: |
|---|---|---|

Your 1 donation could save up to 3 lives. Thank you for donating blood today!